



Stellenbosch-Sentraal

Nederduitse Gereformeerde Kerk

DIE FAMILIE-KERK

GEDENKMUUR INLIGTING

AGTERGROND

In 2003 het daar by die NGK Stellenbosch Sentraal 'n vraag na 'n gedenkmuur ontstaan omdat die plaaslike begrafnis terrein op Stellenbosch te vol begin raak het. Verder het die terrein se sekuriteit 'n risiko begin raak vir besoekers wat ook onveilig gevoel het met besoeke aan die begrafplaas. Daar het 'n behoefte ontstaan, om as 'n alternatief, na 'n verassing te kyk en die as in 'n gedenkmuur te plaas op die terrein van die NGK Stellenbosch Sentraal. Die ondersoek het in 2007 oorgegaan in die bou van 'n gedenkmuur waarby huidige, toekomstige en oud-lidmate 'n nis kon koop vir latere persoonlike gebruik, of dit te bewaar vir 'n familie lid se gebruik. In Junie 2008 is die as van die eerste paar geliefde lidmate in die gedenkmuur geplaas.

DIE VERASSINGS PROSEDURE

Met die afsterwe van 'n naasbestaande of familie lid, sal die langsliewende 'n begrafnis ondernemer skakel om die oorskot te hanteer. Die begrafnisondernemer moet ingelig word of dit 'n ter aarde bestelling of 'n verassing sal wees. Indien daar besluit word om die oorskot te veras, sal die begrafnis ondernemer alle reëlings met betrekking tot die vervoer van die oorskot na die krematorium vir die verassing tref en dit dan terugbesorg aan die naasbestaandes soos onderling ooreengekom. 'n Kissie om die as in te berg is beskikbaar by die begrafnisondernemers. Daar moet egter gelet word op die grote en afmetings van die betrokke gedenkmuur se nissies, sodat die kissie mooi kan in pas. Vir NGK Stellenbosch Sentraal se gedenkmuur, sien tegniese byvoegsel (Aanhangsel A tot die kontrak) oor die voorgestelde kissie grote.

Daar word gewoonlik 'n roudiens in die plaaslike kerk gehou vir die afgestorwe persoon. Die plaaslike kerk kantoor of predikant word genader vir so 'n diens.

Die naastebestandes moet besluit of die verassing voor, of eers na die gedenkdiens gedoen moet word.

Verassing na die gedenkdiens

Indien hulle besluit om dit eers na die gedenkdiens te doen, word die kis en oorskot na die gedenkdiens na 'n bewaringslykshuis geneem. Die begrafnis ondernemer onderneem om die tussenganger te wees tussen die naasbestandes en die krematorium. Die begrafnis

ondernemer sal na die verassing by die krematorium, aan die naasbestaandes die ongeveer een liter as terugbesorg. 'n Besluit omtrent die hantering van die as moet dan geneem word.

Daar is 'n paar moontlikhede hoe naasbestaandes die as kan hanteer indien dit eers 'n paar dae na die gedenkdiens ontvang word:

- Die as word geneem en na die afgestorwe se geliefde plek geneem vir 'n strooiing. Hierdie metode moet egter baie goed deurdink word aangesien daar baie praktiese implikasies kan ontstaan.
- Sommige naasbestaandes vra die begrafnis ondernemer om die reëlings te tref en die plasing in die muur te behartig. Hulle is dus nie teenwoordig as die inplasing van die kisse in die muur gedoen word nie. Die begrafnis ondernemer reël alles met die kerkkantoor, en handel dit af namens die familie.
- Sommige naasbestaandes reël 'n private informele self plasing. Ander reël met die hulp van die predikant, 'n klein private diens om die kisse in die muur plaas.
- Sommige naasbestaandes reël 'n formele diens en familie en vriende kom bymekaar en die plaaslike predikant of familie plaas die kisse in die muur. Die diens kan by die gedenkmuur gehou word.

Verassing voor die gedenkdiens

- Indien daar besluit word om die as in 'n gedenkmuur of plek van bewaring te plaas, word dit aanbeveel dat die naasbestaandes reël dat die verassing voor die gedenkdiens gedoen word. Die inplasing van die kisse in die gedenkmuur kan dan direk na die gedenkdiens, in die teenwoordigheid van die begrafnisgangers, wat hulle laaste eer aan die afgestorwene bring, gedoen word.
- Dit kan gereël word dat die graving voor die gedenkdiens gedoen word en dat die graniet gedenktablet tydens die inplasingseremonie teruggeplaas word.

VERWYDERING EN TERUG PLASING VAN DIE GRANIE TABLET

Die tegniese inligting omtrent die graniet tablet is as volg:

- Die tablette is genommer en gemerk op 'n plan in die kerk kantoor. Daar is ook 'n register van die gedenkmuur wat aandui aan wie behoort elke nis. Elke nis eienaar het ook 'n afskrif van die kontrak tussen die NGK Stellenbosch (Die Bewaarder) en die nis eienaar (Die bewaargewer) wat ook d.m.v. 'n plan aandui waar die betrokke kontraktuele eienaar se nis is.
- Die naasbestaandes kan reël met die kerk kantoor dat die gegewe graniet plaat verwyder sal word. Die naasbestaandes moet reël dat dit aan die graveerder besorg word, om die beskrywing aan te bring volgens die voorwaardes soos bepaal in die

tegniese byvoegsel, Aanhangel A van die kontrak. (Die graniet tablet moet met 'n staal kitaar snaar los gesny word siende dit tydelik met silikon geheg is). Die bo en onderkant van die graniet tablet moet duidelik gemerk word, sodat die terugplasing kan ooreenstem met die gate in die muur.

- Met die terug plasing van die graniet tablet moet daar opgelet word dat die vlekvrige staal boute daar is om die tablet tydelik (12 ure) in plek te hou totdat die konstruksie silikon geset is. Daarna word die boute verwyder en met epoxy gom terug gesit om permanente hegting aan die staal sub-raam te verseker.
- Die gedenkmuur register moet afgehandel word. Dit is belangrik om die volgende inligting te verskaf: Wie se as is in die nis geplaas, datums, wat is die inligting op die graniet tablet, ens.

BLOMME TER HERDENKING VAN DIE GELIEFDES

Daar sal hakies met blom houers, wat in 'n posbusse by die gedenkmuur gehou word, beskikbaar wees waarin naasbestaandes of vriende blomme kan plaas ter herdenking of respek betoog aan hulle geliefde vriende of familie. Die personeel in die kerkkantoor sal die blomme water gee totdat dit verwelk, en daarna verwyder.

Opgestel deur

Eiendomme-aksie van NGK Stellenbosch-Sentraal

In 2010 is reeds 20% van die nissies reeds opgeneem. Vir verdere inligting sien kontakbesonderhede onder.